



Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

15 Junie 2014

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Mattheus 24:36-44

Teks: Mattheus 24: 37,42

Sing: Ps. 84:1; Ps. 119:54; Ps. 52:4;

Ps. 36:2,3

VERWAG ONS WERKLIK DIE WEDERKOMS?!

Verwag ons na al die eeue werklik nog iets soos die wederkoms? Hoeveel leef met die idee dat ek my nie eintlik kan indink dat so iets nog sal gebeur nie.

Die gange van ons elkeen se lewe is hardloop gange, ons hou ons met baie dinge besig, maar wil dit voorkom, vandag het God met ons oor drie gange gepraat.

Die gewone gang, die skeidingsgang en die finale gang.

KATKISASIE— Geen katkisasie vandag

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEEDE EREDIENS (10h30)

Skriflesing: Psalm 24; Prediker 5;

Markus 10:17-31

Kategismus: Sondag 42

Teks: Psalm 24:1; Prediker 5:9,12,18;

Markus 10:21

Sing: Ps.145:1,12; Ps. 119:6; Ps. 128:1

WAT VAN "ONS" BESITTINGS

'n Ekonomies is iemand wat geldsake kan bestuur. Wanneer God ons sy rentmeesters maak dan het hy aan ons besittings toevertrou en God verwag dat ons die besittings sal bestuur. God, die enigste Eienaar het ons as mense oor Sy besittings aangestel om dit te beheer.

'n Vrye beheer, maar ook 'n verantwoordelike beheer. 'n Vrye beheer, want ons mag van die vrugte van die land eet, maar ook 'n verantwoordelike beheer, want ons sal oor al ons doen en late aan God die Eienaar van alles verantwoording moet kan doen.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruielofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

pjventer@gkpretoria.org.za

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 20 en 21 (sluit in susters skinkbeurt)

Ouderlinge: Willie du Plooy (sr.)

Diakens: Eugene Koole

Diensbeurt (22/06) (Wyke 22 en 23)

Ouderlinge: Koos Venter

Diakens: Michiel Venter

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Sr Rhona Smit op Prestige park is Woensdag oorlede. Ons bid haar kinders en familie die troos van die Heilige Gees toe. Ons het ook verneem dat n suster van **br Willie en br de Klerk Prinsloo** voorverlede week na sware lyding oorlede is. Br **Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Hy is weer terug by die huis. Onder omstandighede is daar 'n klein verbetering maar hy is nog baie swak en kry baie swaar. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaans bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan sr Henta wat hom moet bystaan. Die operasie wat 22 Mei sou plaasvind is onbepaald uitgestel. Die vroue is dat dat wel dan later gedoen sal kan word. Sr **Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –klinik. Ons dink ook aan haar. **Sr Marie du Rand** vroeër van ons gemeente, nou in Gobabis moet baie dringend haar woonstel in Prestige park verhuur kry. n Baie ruim woonstel in 'n gesogte blok is beskikbaar teen R4500 per maand. Belangstellendes kan met oudl. Andries du Plessis skakel.

SUSTERS

Ons vestig u aandag op die volgende Susteraksie DV op Saterdag 5 Julie. Dit vind plaas by die lieflike Margaret Roberts Herbal teetuin waar daar ook ook 'n kwekery is en 'n winkel met die Margaret Roberts produkte. Almal kan daar lekker kuier, rondloop, die pragtige tuine besigtig en oor 'n koppie tee klets! Bring ook n geldjie saam vir jou tee en dalk bietjie meer as jy ietsie ekstra sal wil koop. Die ingang per motor kos R20-00. Die vertrektyd vanaf die kerk is 10h00.

BESKUITPROJEK

Steeds rondom ons susters. Die blaadjie met al die reëlings vir vanjaar se beskuitprojek is verlede Sondag uitgegee. Dit sal 'n voorreg wees om weer aan almal, 70 jaar en ouer in ons gemeente so 'n beskuitpakkie te gee. Elke jaar is hierin groot werk maar ook besondere liefde in die voorbereiding ter sprake...! As u hiermee wil help of die blaadjie met die reëlings wil bekom kan u sr Christine (0845119620) kontak

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Teologiese Studentekas
2de diens	DVB	Instandhouding
22/06/2014 1ste diens	DVB	Spes. kollekte Westdene
2de diens	DVB	Instandhouding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
17/06	Finans-Advies vergd
19/06	Kerkraadsverg
21/06	Oop gesprek – Ds. Ronald Bain-
27/06	Skole sluit

SPESIALE KOLLEKTE

Die kerkraad het goedgekeur dat op versoek van die Gerf kerk Westdene in die Oos-Kaap daar op 22 Junie 2014 (volgende Sondag) vir hierdie gemeente 'n spes. kollekte opgeneem sal word. Soos deur hulleself en afgevaardigdes van klas-sis Burgersdorp uiteengesit kan die gemeente nie finansiële oorleef sou daar nie van ander ook hulp kom nie. As dit moontlik is vra ons dat u dan u kollekte by die deure volgende Sondag na vermoë sal aanpas.

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Dit is belangrik dat ons vroegetydig die name inkry en die nodige bespreking maak. Die plek wat ons die jaar na wil gaan is pragtig maar daar is blykbaar beperkte plek. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

OOP GESPREK-

U word herinner aan ons oop-gesprek DV. op Saterdag 21 Junie 2014 (10h00) Ds. Ronald Bain is genooi om by die geleentheid op te tree. Hy sal met ons praat oor **die plek van die man in die Kerk.**

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 17

17: 19-23

Gebed en vas - Die Dissipels word weer vermaan dat die Jode se uiterlike godsdien hulle geestelik strem. Die gelowiges moet geestelik en stoflik geoefen wees in hulle geloofslewe. Daarna berei Jesus die Dissipels verder voor vir Sy dood.

Tempelbelasting

17:24. `n Verdere aanval deur die Fariseërs. Dit word deur Satan weer teen die Dissipels gerig, om hulle geloof te verswak. Eintlik bly dit weer hulle soeke na `n beskuldiging teen Christus.

17:25-26, Petrus – Waarskynlik het die mense met die vraag oor die belasting na Petrus gegaan omdat hy `n plaaslike bewoner, en bekend was. Petrus antwoord dadelik dat hulle wel die belasting betaal. Dit kan wees dat hulle dit tevore al gedoen het, of weer dat hy uit homself vir Jesus in die bresse wil tree.

Christus toon weer dat Hy alles weet, ook van die gesprek met Petrus. Hy neem die antwoord by die Dissipels oor, met `n wedervraag. Volgens veral die Romeinse regering se wyse word die onderhorige volke (die “vreemdelinge”) belas om die Romeinse Ryk in stand te hou. Ook: `n Koningshuis betaal nie belasting nie, maar die onderdane.

Selfs hier ontnem die Here Sy teenstanders `n antwoord, as Hy deur nog `n wonder die geld vir die “belasting” verskaf. Ons moet glo dat hierdie wonder wel gebeur het, en dat Mattheüs onder leiding van die Heilige Gees steeds besig is om die Waarheid te verkondig.

Vir My - Hy, die Seun van God, is vrygeskeld van belasting. Maar Hy toon dat Hy Hom in ons plek vrywillig onder die Wet kom stel het, om dit vir ons te vervul.

En vir jou – Petrus staan werklik onder die Wet, en vir hom word ook betaal.

MATTHEÛS 18

`n Les in nederigheid

18:1, grootste in die Koninkryk – Steeds het die Dissipels nie behoorlik verstaan dat die Koninkryk nie aards is nie, en daar sit maar weer agter hulle vraag die begeerte na belangrike poste. Die vraag kon wees om te hoor wie almal

belangrike poste sou ontvang, maar dit lyk eerder asof hulle wou hoor of Jesus besluit het watter enkeling die belangrikste van hulle sal wees. Dit kon dalk met Petrus in gedagte wees, vir wie die Here gesê het dat Hy op hierdie rots Sy gemeente sal bou.

18:2, `n kindjie – Anders as om hierdie keer in `n gelykenis te antwoord, roep Jesus `n klein kindjie, wat Sy volgende woorde sou illustreer.

18:3, verander – die bekering, totale ommekeer, van die sondaar se uitkyk en instelling word bedoel. Die dissipels se gedurige meedinging met mekaar, hulle jaloesie en ambisie het in die pad gestaan van hulle ontwikkeling in die geloof. Die Fariseërs se eersug hoort nie by `n volging van Christus nie. Hulle sal nie eers die Koninkryk kan ingaan nie – wat nog van `n ereplek kry!

soos die kindertjies word – `n Klein kindjie se nederigheid en eenvoud word voorgelou. Hulle staan oop om geleer te word van die goeie. `n Mens word nie in die eerste plek geseek oor hoe groot hy in aardse sin is nie, maar hoe hy in ware neder-righeid teenoor God staan. Dink bv aan die gelykenis van die Fariseër en tollenaar se gebed in die tempel.

Totius het oor die kindergebed na hierdie verse verwys. Daar is mense wat dink dat klein kindertjies se gebed niks kan beteken nie. Dis net `n paar struikelende woorde. Hierdie sienswyse beteken dat hulle meen dat net volwasse gelowiges naby die Koninkryk is. Christus leer dat in `n sekere sin die kindjie, met sy eenvoudige, oorgegewe geloof nader kan wees aan die Koninkryk. Die volwassenes kan by hulle gaan leer. “Salig is dié wat arm van gees is” (Mat 5:3). Die sondaar het niks in homself waarop hy hom voor God kan beroep nie. Dit is genade om dit te besef. `n Kind is niks in sy eie oë nie. Verneder jousef om soos een van hulle te wees. `n Kind het niks nie. Die ouers besit alles en die kind is tevrede daarmee. “Arm van gees” is dus `n gemoeds-gesteldheid wat juis by kindertjies bestaan. “Word soos `n kindjie” beteken ook nog: “Bid soos een.” Die Kategismus verklaar die gebruik van die woorde “Onse Vader” in ons gebed, dat dit by ons kinderlike vrees en vertroue in God wek.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

6 Jun. 1898– Jim Fouché vroeëre staatspresident gebore; *8 Jun. 1897*– Pres Paul Kruger lê die hoeksteen van die paleis van Justisie; *8 Jun. 1926*– Emily Hobhouse oorlede; *9 Jun. 1862*– Sir Herbert Baker (argitek van o.a. Die Uniegebou) gebore; *10 Jun. 1855*– J Boshof as president van die Vrystaat verkies; *10 Jun. 1840*– Dirk Postma voltooi sy studies en word beroepbaar gestel; *10 Jun. 1872*– Genl. JCG Kemp gebore; *10 Jun. 1927*– A.G. Visser onverwags op 51 jarige ouderdom oorlede; *11 Jun. 1906*– NP van Wyk Louw gebore; *12 Jun. 1932*– Mimi Coertse gebore; *15 Jun. 1882*– Verlof gegee om Hollands as taal in skole in Kaapkolonie te leer; *12 Jun. 2003*– Skryfster AM Louw oorlede; *15 Jun. 1915*– Genl. CR de Wet aan hoogverraad skuldig bevind; *18 Jun. 1970*– NP van Wyk Louw oorlede; *20 Jun. 1879*– Ds. SJ du Toit stig die Afrikaansebond

BEROEPENUUS— 15 Junie 2014**Beroepe ontvang**

Ds CJ Nagel [jr] van Nylstroom na Louis Trichardt.

Beroepe aanvaar

Ds AN du Plessis van Postmasburg na Worcester.

Beroepe bedank

Ds P Cilliers van Daniëlskuil/Delportshoop/Duineveld-kombinasie na Louis Trichardt.

Ds HC van Rooy van Randburg na Rietvallei as medeleraar.

GELOWIGE NADENKE OOR DIE HEMEL (4) Dr. W.H. Velema**Die verheerlikte liggaam**

...In 1 Korintiërs 15 gaan Paulus nog dieper op die opstanding van ons liggaam in. Ek haal verse 42 en 43 aan: *“So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag”*.

Paulus praat oor saai en opgewek word. By die eerste sê hy: saai in swakheid. Hierdie woorde sê presies wat Paulus met begrawe bedoel. Die koringkorrel val in die grond en sterf, en lewer só veel vrug (Johannes 12:24). So is dit met die liggaam van ’n oorlede gelowige. Net soos uit die sterwe van die koringkorrel, word uit die dood nuwe vrug deur God tot stand gebring. So sal dit met ons liggaam wees. Die koringkorrel word gesaai, maar straks groei die vrug in heerlikheid.

Saai teenoor verbrand

Die beëndende taal in die hoofstuk moet ons diep raak. Wat my betref is hierdie beeldspraak ’n beslissende argument vir begrawe, teenoor kremasie. Dit is nie hier die plek om dieper in te gaan op die besware teen kremasie nie. In geval van bewustelik gekose lykverbranding vind die beeldspraak van Paulus geen toepassing nie. Dit is betreurenswaardig en onjuis. In sulke gevalle word die beeldspraak van Paulus gereleëer tot iets wat, in verband met die opstanding van die liggaam, tussen hakies staan; of erger, geneeer word. Een laaste teks vra ons aandag. 1

Tessalonisense 4:13-18: “Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde”. Word vervolg

Vandag – Marius le Roux 0825802232	16/06– Ds. Hennie de Villiers 0761734857
Vandag – Johan Wolmarans 0829561640	17/06– Natasha Venter 0795166788
Vandag – Pieter Wolmarans 0832800816	18/06– Marieta van den Berg 0832782152
16/06– TAP de Beer 0826666139	20/06– Jannie van Zyl 0826543723
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Baie geluk met
u verjaarsdag

Geleerdheid is die opleiding vir ’n ambag; opvoeding is die opleiding vir die gebruik van die ambag – CJ Langenhoven